

Quo Vadis?

No. 1/1995

God is Groot!

Vertel dit vir almal

1. Sonnestelsels

Lig beweeg teen 300 000 km/sek. 'n "Ligjaar" is die afstand wat lig in 'n jaar trek. Maak gou die som om te bereken hoe ver 'n "ligjaar" is. Om ons son wentel 9 planete, Dit word 'n "sonnestelsel" genoem. Die aarde is die derde planeet van die son af. Die son se lig neem ongeveer 8 minute om die aarde te bereik. Die son se lig moet dan nog 5 uur trek om Pluto, die verste planeet te bereik. Hoe vêr is Pluto van die son af?

2. Sterrestelsel

Elke ster wat jy buite sien, is 'n son - sommige baie keer groter as ons s'n! Die ster naaste aan ons is 4.3 ligjare ver. 'n Klomp sonnestelsels vorm saam 'n "sterrestelsel". Die melkweg is ons sterrestelsel - soos 'n plat skyf wat ons van die kant af kyk. Hierdie plat skyf draai ook in die rondte. Dit neem ons son 230 000 000 jaar om een keer om die melkweg se middelpunt te wentel, al beweeg die son teen 220 km/sek. Lig neem ongeveer 100 000 jaar om van die een kant van ons melkweg na die ander kant te trek.

3. Groep

Ons melkweg is deel van 'n tros van 20 of meer sterrestelsels. Hierdie "groep" kan tot 4 000 000 ligjare in deursnee wees. Iemand het gesê: "Sterrestelsels is vir die sterrekundiges wat atome vir die fisikus is". Die groep waarin ons melkweg is word soms - heel filosofies - die "plaaslike" groep genoem!

4. Super-groep

Groepe sterrestelsels wat "saambondel" vorm 'n "super-groep" - miskien 150 000 000 ligjare in deursnee. In ons super-groep is Virgo die naaste ryk groep sterrestelsels aan ons plaaslike groep. Virgo is sowat 50 000 000 ligjare weg, en word "ryk" genoem omdat daar duisende sterrestelsels saamgebondel is.

... wat is ek dan...?

Lof aan die Skepper	
Psalm 8	Bestudeer Psalm 8 en verstom jou aan God se onbegrensde grootheid.
¹ Vir die koorleier: met musiek. 'n Psalm van Dawid.	Aanhef: <i>Ons Here!</i> Die aarde eggo U Naam! Die hemel kaats U majesteit!
² Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het!	Lof: Kinders sien U raak... en sing! U vyande staan verleë... stom!
³ Kinders en suigeling bering die magtige werk wat U tot stand gebring het. So word u teëstanders, die vyande en wraakgieriges, tot swye gebring.	Erken: As ek snags opkyk... GROOTS!
⁴ As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het,	Tog... dink U aan my versorg U my gee U my 'n ereplek laat U my U werk bestuur
⁵ wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?	Ja: <i>Ons Here!</i> Die aarde eggo U Naam!
⁶ U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon,	Prikkelgedagte: God se grootheid word vir my duidelik as ek myself met Hom kontrasteer.
⁷ U laat hom heers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp:	Neem die eerste tree om God se grootheid met ander te deel: Bid 'n gebed waarin jy God loof vir sy grootheid. Bid hierdie gebed saam met iemand by wie jy gemaklik voel. (Dalk as inleiding tot 'n tafelgebed, by huisgodsdienste, saam met jou huweliksmaat of ouers of kind, by 'n bybelstudiegroep, tydens 'n eredienste, by huisbesoek...)
⁸ skape en beeste, alles; selfs die diere in die veld,	
⁹ die voëls in die lug, en die visse in die see wat die oseane deurkruis.	
¹⁰ Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!	

<p style="text-align: center;">God is Groot!</p> <p style="text-align: center;">Dit is iets om te vertel</p>	<p>God is groot...in mag in heerlijkheid in liefde in eer in wysheid in genade in heiligheid</p> <p>Om voor God te staan, om oorweldig te word deur sy grootheid, is om ook gekonfronteer te word met my eie kleinheid, hoe dof ek - ten spyte van my pogings! - sy beeld kaats...</p> <p>Om voor God te staan is om klein te word.</p> <p>En om klein te word is genade, sy genade. Want dit is die begin van sy grootheid in my. Dan word Hy my roem, my trots, my grootheid!</p> <p>Hy groei in my, neem my in besit, syfer deur tot in elke enkele hoekie van my lewe, dam op...</p> <p>Tot ek te klein is om Hom binne te hou. Dan loop ek oor van Hom, bars Hy uit my nate.</p> <p>Bars Hy uit jou nate?</p> <p>Kom staan saam met my vóór Hom om oorweldig te word deur sy grootheid...</p>
--	---

Dit is maar die begin van sy daade
Ons hoor net die gefluister van sy woorde.
Maar die volle krag van sy daade,
Wie kan dit verstaan?

... geskep ...

... en weer geskep ...

Die voorrang van die Seun	
Kol. 1:15-20	
<p>¹⁵ Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping.</p>	<p>Kom staan voor God se dubbele grootheid in Jesus Christus: Hy het my gemaak... en wéér gemaak!</p> <ul style="list-style-type: none">▪ Neem 'n pen en papier en skryf op grond van Kol 1:15-20 'n uitgebreide <i>Curriculum Vitae</i> (C.V.) vir Jesus Christus.▪ Maak nou 'n volledige lys van die dinge wat in die C.V. staan wat Hy ook vir jou gedoen het. <p>Laat iemand by wie jy gemaklik voel ook op grond van hierdie verse 'n C.V. vir Jesus Christus opstel.</p> <p>Vertel dan vir mekaar van die groot dinge wat God deur Jesus Christus in julle lewens gedoen het.</p>
<p>¹⁶ God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep.</p>	
<p>¹⁷ Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand.</p>	
<p>¹⁸ Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem.</p>	
<p>¹⁹ God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon</p>	
<p>²⁰ en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.</p>	

"Jesus Christus is die Here!"

<p>Die Voorbeeld van Jesus Christus</p> <p>Fil. 2:5-11</p> <p>⁵ omdat julle van die eerste dag af tot nou toe saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie.</p> <p>⁶ Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.</p> <p>⁷ Dit is ook heeltemal reg dat ek so oor julle almal dink, omdat julle my na aan die hart lê. Julle deel immers almal saam met my in die genade wat God my gee, sowel in my gevangenskap as in my verdediging van die evangelie en die bevestiging van die waarheid daarvan.</p> <p>⁸ God is my getuie, Hy weet hoe ek na julle almal verlang met die liefde van Christus Jesus in my hart.</p> <p>⁹ Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling,</p> <p>¹⁰ sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees,</p> <p>¹¹ en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.</p>	<p>God is verrassend groot!</p> <p>Sy manier van doen is verrassend anders as ons manier van doen: <i>Sy pad na verheerliking loop deur vernedering.</i></p> <p>Bestudeer nou Fil 2:5-11</p> <ul style="list-style-type: none">▪ Hoe is hierdie stelling <i>Sy pad na verheerliking loop deur vernedering</i> van Jesus waar?▪ Noem geleenthede in jou lewe waar jy hierdie verrassende gesindheid kan uitleef.▪ Begin 'n gesprek met iemand deur die stelling te maak: <i>Die pad na roem begin by selfvernedering.</i>▪ Gebruik iewers in die gesprek die geleentheid om te vertel dat presies dit die pad was wat Jesus geloop het.
--	---

... U omsluit my van alle kante ...

... U neem my in besit ...

Doen saam met iemand Bybelstudie uit Psalm 139.

	<i>U omsluit my van alle kante</i>
	1 Vir die koorleier. Van Dawid. 'n Psalm. Here, U sien dwarsdeur my, U ken my.
<p style="text-align: right;"><i>U... my</i></p> <ul style="list-style-type: none">▪ Sê vir mekaar waarin julle raaksien dat die Here met julle besig is.	2 Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom.
	3 Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend.
	4 Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees.
	5 U omsluit my van alle kante, U neem my in besit.
	6 Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip.
<p style="text-align: right;"><i>U by my!</i></p> <ul style="list-style-type: none">▪ Sê vir mekaar waarin julle raaksien dat die Here by julle is.	7 Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?
	8 Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar.
	9 Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste,
	10 ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas.
	11 Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek, of die lig rondom my om in nag te verander,
	12 maar vir U is selfs die duisternis nie donker nie en die nag so lig soos die dag, duisternis so goed soos lig.
<p style="text-align: right;"><i>U het my gemaak...</i></p> <ul style="list-style-type: none">▪ Vertel vir mekaar wat dit vir jou beteken dat God jou gemaak het.	13 U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder.
	14 Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker:
	15 geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot.
	16 U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was

<p><i>Verskriklik om nie U liefde te beantwoord nie!</i></p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Hoekom is dit verskriklik as mense nie op God se liefde antwoord nie? <p><i>Sorg U asseblief dat ek op U liefde antwoord!</i></p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Bid saam:U ... ons U by ons U het ons gemaak Verskriklik! Laat my bly antwoord 	<p>in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.</p> <p>17 Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God, hoe magtig hulle almal!</p> <p>18 As ek hulle sou wou opnoem-hulle is meer as wat daar sand is, en as ek daarmee klaar is, sou ek nog steeds met U te doen hê.</p> <p>19 As U tog maar die goddelose uit die weg wou ruim, o God! Gaan weg van my af, julle moordenaars!</p> <p>20 Dit is hulle wat bese planne teen U smee, wat so vals teen U optree.</p> <p>21 Moet ek u haters dan nie haat nie, Here, moet ek nie 'n weersin hê in mense wat teen U in opstand is nie?</p> <p>22 Ek haat hulle met 'n uiterste haat, want hulle is ook my vyande.</p> <p>23 Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak.</p> <p>24 Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!</p>
--	---

... ons hoor hulle praat oor die groot dinge wat God gedoen het ...

Die uitstorting van die Heilige Gees	
	in Jerusalem woon, ek moet vir julle verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek gaan sê:
Hand. 2:1-42	
1 Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar.	15 Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar negeuur in die môre.
2 Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het.	16 Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het:
3 Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het.	17 Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom.
4 Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.	18 Ja, op my dienaars en my dienaresses sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree.
5 Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon.	19 Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde gee: bloed en vuur en rookwolke.
6 Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie.	20 Die son sal pikdonker word en die maan bloedrooi voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom.
7 Verras en verbaas sê hulle toe: "Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs.	21 So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.
8 Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal?	22 "Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die kragtige daed, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self.
9 Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië,	23 God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak.
10 Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome,	24 Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou.
11 Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere-ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het."	25 Van Hom sê Dawid: Ek het die Here altyd voor oë. Hy is aan my regterhand; ek sal nie wankel nie.
12 Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: "Wat kan dit tog beteken?"	26 Daarom is my hart bly en my tong jubel, ja meer, ek het die verwagting dat my liggaam sal lewe,
13 Maar party het gespot en gesê: "Hulle is dronk."	27 want U sal my nie aan die doderyk oorlaat nie; U sal nie toelaat dat u troue dienaar vergaan nie.
14 Toe staan Petrus saam met die elf ander apostels op en onder leiding van die Heilige Gees spreek hy die mense toe: "Jode en julle almal wat	

<p>28 U het my die paaie van die lewe geleer; u teenwoordigheid sal my met vreugde vul.</p> <p>29 "Broers, wat ons voorvader Dawid betref, moet ek dit vir julle duidelik stel: Hy het gesterwe en is begrawe, en sy graf is nou nog hier by ons.</p> <p>30 Maar hy was 'n profeet en hy het geweet dat God met 'n eed aan hom belowe het dat een van sy nakomelinge op sy troon sou sit.</p> <p>31 Daarom het hy die opstanding van die Christus vooruit gesien en gesê: Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie, en sy liggaam het nie vergaan nie.</p> <p>32 God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies.</p> <p>33 Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor.</p> <p>34 Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy: Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand</p> <p>35 totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.</p> <p>36 Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!"</p> <p>37 By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: "Wat moet ons doen, broers?"</p> <p>38 Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.</p> <p>39 Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep."</p> <p>40 Met nog baie ander woorde het Petrus getuig en hulle aangespoor: "Laat julle red tussen hierdie ontaarde mense uit."</p> <p>41 Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend</p>	<p>mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg.</p> <p>42 Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.</p> <p>Hierdie gedeelte kan deur ouderlinge of diakens gebruik word as 'n huisbesoekriglyn.</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Wanneer die afspraak vir huisbesoek gemaak word, sê vir die lidmate om vir huisbesoek voor te berei: Lees Hand 2:1-42 deur en probeer 'n antwoord kry op die vraag: Oor watter "<i>groot dinge wat God gedoen het</i>" (v. 11) het die mense op wie die Gees uitgestort is, gepraat? ▪ Wanneer die huisbesoek plaasvind, gee vir die lidmate kans om te sê wat hulle dink die "<i>groot dinge wat God gedoen het</i>" is. ▪ Verkondig aan die lidmate dat elkeen wat glo met vrymoedigheid kan praat oor die "<i>groot dinge wat God gedoen het</i>". Elkeen wat glo is immers met die Gees vervul. Lees 1 Joh 4:2: <i>Hiëraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is.</i> ▪ Wat sê Hand 2:1-42 is die gevolg as die Gees deur my oor die "<i>groot dinge wat God gedoen het</i>" praat? ▪ Gee dan vir elkeen kans om te vertel van die groot dinge wat God is sy lewe gedoen het. ▪ Bid saam: Dankie dat die Gees in ons Woon Leer ons om van U te vertel
--	---

... Amen ...

<p style="text-align: center;"><i>Aan God die eer</i></p> <p style="text-align: center;"><i>Rom. 11:33-37</i></p> <p>³³ O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë!</p> <p>³⁴ "Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad?</p> <p>³⁵ Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?"</p> <p>³⁶ Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen.</p>	<p>Loof die Here vir sy grootheid. Die gebed sou soos Rom 11:33-36 kon lyk:</p> <ul style="list-style-type: none">▪ U is...▪ As ek aan U dink, draai my gedagtes vas...▪ Ek kan U dit nie nadoen nie...▪ U is vir my...▪ Dus... <p>Bid by geleentheid hierdie gebed saam met iemand anders.</p>
--	---